



Kansvatters van die Koninkryk

Luk 16:1-13 'n Kopkrapper


- Jesus se gelykenisse is so kragtig omdat dit jou bybly en jy nog lank na die tyd wonder oor die storie. Die gelykenis van die oneerlike bestuurder word deur baie skrywers “Jesus se mees verwarrende gelykenis genoem”.
- In kort vertel Jesus ‘n storie van iemand wat sy baas se sake moes bestuur. Hierdie bestuurder is egter roekeloos en verloor ‘n klomp van sy baas se geld. Hy besef hy is nou in die moeilikheid en gaan sy werk verloor (hy wil tog nie bedel nie, maar kan ook nie handewerk doen nie – hy het tien duime). Hy spring dadelik uit en begin sluwe plannetjies maak. Hy gaan na mense wat vir sy baas geld skuld en begin namens sy baas vir hulle afslag gee op hulle skuld. Sy hoop is dat hulle so dankbaar sal wees dat hulle vir hom sal werk gee as hy sy huidige werk verloor. En wat doen die baas toe hy dit hoor? Hy prys die bestuurder “vir die slim ding wat hy gedoen het”.
- Hoe is dit tog moontlik dat die baas hom vir hierdie tweede golf van roekeloosheid kan prys? Nog erger, hoe kan Jesus dan daarna sê dat ons die “oneerlike mammon moet gebruik om vir julle vriende te

maak”? Is Jesus sowaar besig om oneerlike sakepraktyk aan te moedig?

Wenke vir die Raaisel

- Onthou jy nog daardie algebra somme? Die juffrou wou altyd hê jy moet vir “x” gaan soek. Een leerder het gedink hy het dit sommer maklik opgelos:

3. Find x.



- Geleerdes het probeer om verskillende “x” oplossings vir Jesus se Kopkrapper-gelykenis te gee. Maar dis nie so maklik nie. Hier is voorbeelde van moontlike oplossings:
1. Soms het die bestuurders geld gemaak deurdat die baas hulle toegelaat het om kommissie te vra op die geld wat hulle by die baas geleen het. Blykbaar was dit tot 50% op olyfolie en 20% op koring. Miskien was hy dus nie oneerlik nie, maar

het hy sy eie geld prysgegee deur die afslag toe te ken, alles om vir die baas te wys hy is jammer. Ons moet ook bereid wees om reg te maak waar ons verkeerd gedoen het.

2. Sommige verklaarders sê miskien gaan die gelykenis oor vergifnis. Jesus prys die oneerlike bestuurder omdat hy die baas se skuldenaars vergewe het. Omdat dit net na die gelykenis van die verlore seun kom wat deur sy vader vergewe is nadat hy sy erfposisie vermors het, kan dit lyk of die gelykenis gaan oor Jesus wat vir ons die Vader se vergifnis verdien en ons aanmoedig om ook ander te vergewe.
3. Ander vat hierdie gedagte verder en wil hê dat ons moed skep uit hierdie gelykenis. Die verlore seun én die oneerlike bestuurder ÉN ÓÓK ÉK is selfsugtig en verkeerd, misbruik dit wat aan ons toevertrou word, kom in die moeilikheid, kom tot besinning en word dan versoen en geprys sonder dat dit verdien word. Uit genade alleen!
4. Die mense wat afslag gekry het op hulle skuld sou baie dankbaar gewees het en gedink het die baas is “Man van die Jaar”. Hulle sou hom so geprys het dat hy nie sou kans sien om te sê dit was ‘n fout nie en eerder die eer wou geniet. Toe hy sien hoe die bestuurder so op sy ego gespeel het, was hy nie meer kwaad nie, maar eerder beïndruk met die bestuurder se slim plannetjie wat hom uitoorlê het. Daarom prys hy hom. Party sê Jesus hou van mense wat kan planne maak.
5. Ander sê hierdie gelykenis gaan maar net uit en uit oor geldgierigheid en dat Jesus ons waarsku om nie van geld ons afgod te maak nie. Jy kan nie twee base dien nie.

Kansvatters vir die Koninkryk

- Jesus se gelykenisse gebruik dikwels humor, paradokse en raaisels om mense so in die storie in te trek dat hulle hulleself daarin begin raaksien. Jesus se gelykenisse wil altyd een hoofgedagte oordra. Hier moet ons onthou dat dit vir Jesus oor die Koninkryk van God gaan. Hy was nie hier tussen ons om ‘n soort “Vra vir Jesus” raadgee-kolom te kom bedryf nie en beslis ook nie om ‘n nuwe godsdiens te kom stig nie. Hy is hier met die nuus dat die Koninkryk van God nie VAN hierdie wêreld is nie, maar dat dit VIR hierdie wêreld is. Dit beteken dat dinge nou op sy kop gedraai gaan word. Waar daar geweld en magsuitoefening was, kom kwesbaarheid, liefde en diens in die plek daarvan. Die “ego” maak plek vir die “ander”. Uitbuiting maak plek vir rentmeesterskap en die wete dat ons, saam met alles, aan God behoort.
- Die hoofgedagte hier blyk te wees dat ons bestuurders is wat verantwoordelikheid neem vir die Koninkryk van God. Dit wat aan ons toevertrou word (hierdie aarde en ál ons bronne, tyd en vaardighede) is die Koninkryk s’n en ons moet besef wanneer ons dit verkwis.
- Jesus sê dan klaarblyklik dat sy volgelinge moet leer by mense (soos hierdie bestuurder) wat, as hulle in ‘n hoek vas is, i) hulle kop gebruik en planne maak, ii) hulle planne in aksie omsit en iii) daarmee iets regkry in die wêreld. Al ding is, ons moet dit nooit vir onself en ten koste van ander doen nie, maar altyd kanse vat vir die Koninkryk van God, met ander woorde altyd planne probeer maak sodat wat God wil hê moet gebeur, wel gebeur.